TEKS 1

Mans genoeg

Lizz Meiring

1 Voor Valentynsdag word mans bewende muise. Hulle skarrel rond vir rose, kaartjies en geskenke – maar net omdat hulle moet. En geforseerde romantiek is leë liefde.

2 Vroue weet gewoonlik dat 'n ander vrou die koopwerk gedoen het: persoonlike assistent, ma, suster, of vriendin. Soms skryf hulle ook die kaartjie vir meneer. En meneer verklap dikwels die geheim met iets soos: "My ma sê 'n vrou kan nooit genoeg hiervan hê nie." (Soms is daar darem 'n rooi plastiekroos by.)

3 'n Gedwonge feesviering werk nie. Jy kan nie emosies blik en loslaat wanneer dit 'n kalender pas nie.

4 'n Vindingryke voorstel: sny mans uit Valentynsdag uit. Ons koop vir onsself presente (waarvoor ons mans betaal) en by 'n slegs-vir-vroue-Valentynsaand spog ons oor ons fantasiehelde wat ons bederf en natúúrlik dink dat ons aantreklik is, ouderdom ten spyt.

5 Verbeel jou die gesprekke: "Kyk wat het Brad Pitt vir my gestuur!" "Oulik, maar beleef die bos rose van Richard Gere!" "Haai siestog, is dit al? Gelukkig is Ryk nie suinig nie. Ek het 'n paar Jimmy Choos gekry." Ons drink ordentlike sjampanje en kuier tot laat. Skaamteloos, uitspattig, oordadig.

6 Ek toets my teorie. Die vroue is skepties. "Maar dis nie waar nie!" sê hulle naïef. Die mans is entoesiasties en verlig: "Ek sal enigiets betaal om van Valentynsdag bevry te wees!"

7 "Maar hoe gaan julle vroue weet julle kan romanties wees?" vra ek. "Ons gee mos geld op hulle uit," kom die antwoord telkens. Sien? Jy kan nie testosteroon in towerfeetjies verander nie.

* * *

8 Eendag moes ek weke lank 'n motorbestuurder gebruik.

9 Hy is fris en sterk. Aan sy truspieëltjie hang satynhartjies en 'n mini-teddie – heel onvanpas by hierdie biltong-en-brandewyn-en-Coke ou. Hy sien ek loer daarna.

10 "Dis my vrou," grom hy. "Ek haal dit af, dan sit sy dit weer op. Jy moet ons huis sien: ek kan skaars draai tussen al die hartjiekussings en –koppies en frille. En sy lees aldag liefdesverhale soos 'n verliefde tiener!"

11 Ek simpatiseer met hom. Dit moet swaar wees vir 'n macho ou om hom in so 'n omgewing te laat geld.

IEB Copyright © 2025

12 Hy vertel verder: "Ek het my girlfriend by haar werk gebel en gesê: 'Jy't twee minute om te besluit of jy met my wil trou. Bel my oor presies twee minute terug en gee jou antwoord. As jy een sekonde laat is, verstryk die aanbod.' Presies twee minute later het sy ja gesê. Sy ry die aand saam toe ek gaan petrol ingooi en sommer by die petrolpomp gee ek vir haar die ring en sê: 'Dis nou dit.' "

13 "By die petrolpomp!" stik ek.

14 "Jaaa," beaam hy.

15 "Nie in 'n romantiese restaurant nie?"

16 "Nee, vir wat? Ons kan mos by die huis eet."

17 Ek het nog hoop: "Het jy darem op jou knieë gegaan en vir haar gesê jy's lief vir haar?"

18 "By 'n garage? Ek doen nie sulke nonsens nie. As ek met iemand gaan trou, beteken dit mos ek's lief vir haar. Wat moet 'n mens nou meer sê?"

19 Hy skud sy kop – ék is die gek een.

20 "Toe sê ek ons trou sommer tydens 'n gewone kerkdiens. Niks se ge-rok en ge-koek en ge-onthaal nie. Dis nou twee jaar later en ons is baie gelukkig."

21 Ek kyk weer na die Valentynsversierings en onthou die liefdesverhale. Sal die drommel ooit die tekens raaksien?

22 Toe ek uitklim, stop ek hom R100 in die hand. "Gaan koop vir haar blomme. Maar maak of dit jou idee was. Maak soos ek sê," praat ek sy protes dood, "anders gaan jy in jou slaap met 'n hartjiekussing versmoor word."

23 "Is jy getroud?" vra hy.

24 "Nee," antwoord ek.

25 "Jaaaa," sug hy. "Siestog, julle meisies van vandag. Daar loop nie meer mans van my kaliber los rond nie."

[Verwerk uit: Meiring, Lizz. 2010. *Die beste van Bizzie Lizzie*. Kaapstad: Queillerie]

IEB Copyright © 2025

TEKS 2

PICK N PAY HERROEP 3 GRONDBOONTJIEBOTTER PRODUKTE



Pick n Pay herroep die volgende grondboontjiebotter produkte *No Name Smooth Peanut Butter* en *Eden Crunch Peanut Butter*, hierdie produkte word regoor die land verkoop.

Die produkte is met onmiddelike inwerkingtreding verwyder vanaf die winkelrakke in alle winkels regoor die land.

Geen ander handelsmerke beskikbaar by Pick n Pay word deur hierdie herroeping geraak nie.

Die gesondheid en veiligheid van ons klante is ons eerste prioriteit. Klante wat alreeds hierdie grondboontjiebottter produkte gekoop het met 'n vervaldatum tussen nou en Julie 2025 moet die produkte aan hul plaaslike Pick n Pay winkel terugbring vir 'n volle terugbetaling.

Indien enige klant kommer het rakende enige van hierdie produkte, is hulle baie welkom om die produkte terug te bring, ongeag of dit binne hierdie vervaldatum val al dan nie, en of enige van die produkte oopgemaak is of nie.

Na interne standaardtoetsing is gevind dat hierdie produkte hoër as gereguleerde vlakke van aflatoksien het, wat moontlik 'n gesondheidsrisiko mag inhou. Aflatoksien is 'n natuurlike mikotoksien, maar die vlakke wat ons opgespoor het, was hoër as die aanvaarbare regulatoriese drempel.

Ons het die Nasionale Verbruikerskommissie en die Nasionale Departement van Gesondheid, Direktoraat Voedselbeheer, betrek. Ons vra ons klante om asseblief hul spens en koskaste na te gaan en seker te maak dat hulle die betrokke produkte na enige Pick n Pay winkel terugbesorg vir 'n volle terugbetaling.

Indien enige verdere navrae, kan klante ons Klantedienslyn skakel by 0860303030.

Pick n Pay

[Bron: Pick n Pay herroep 3 grondboontjiebotter produkte [aankondiging]. 2024. In: *Rapport*, 4 Februarie 2024 (bl. 6). Aanlyn beskikbaar by: <https://epublikasies.netwerk24.com/html5/reader/production/default.aspx?pubname = &pubid=de68b10e-8e49-4eb5-9dc8-5b7d943ed0d0>. Datum van toegang: 5 Februarie 2024]

IEB Copyright © 2025

TEKS 3

Dr. Imtiyaz Sooliman

Stigter en leier van die nieregeringsorganisasie Gift of the Givers.

Vroeë lewe en opvoeding
Sooliman is op 7 Maart 1962 in Potchefstroom gebore. Hy het sy skoolloopbaan in Durban voltooi en as dokter aan die Universiteit van Natal gekwalifiseer.

Loopbaan en gemeenskapsbetrokkenheid
In 1992 het Sooliman in Istanboel, Turkye, vir Sjeik Muhammed Safer Dal Effendi ontmoet. Die sjeik het aan hom die opdrag gegee om 'n liefdadigheidsorganisasie met die naam 'Gift of the Givers' te stig om mense in nood by te staan. Terug in Suid-Afrika het hy dadelik sy mediese loopbaan laat vaar en hierdie organisasie op die been gebring.

Sooliman het in 1994 aan die verkiesing deelgeneem as hoof van die Africa Muslim Party. Die party kon egter geen setels in die verkiesing verkry nie en hy het die aktiewe politiek verlaat.

Werk van Gift of the Givers
Hierdie organisasie help enigiemand in nood, afgesien van kleur, geloof, status of welvaart. Oor die jare kon dit, veral met die hulp van vele vrywilligers, hulp aan baie gemeenskappe en lande bied.

Binne Suid-Afrika help Gift of the Givers met droogtehulp aan boere en gemeenskappe wat nie veilige toegang tot drinkwater het nie. Dit ondersteun gebiede waar dienslewering swak of afwesig is om oral menswaardigheid te verseker. Die finansiële ondersteuning van gewone Suid-Afrikaners finansier hulle werk.

Ná groot natuurrampe, soos aardbewings, vloede of brande, bestaan die gevaar dat hongersnood en siektes kan voorkom. Sooliman se spanne is toegerus om hierdie probleme die hoof te bied. Hulle optrede in Haïti, Turkye en Somalië het reeds baie lewens gered deur byvoorbeeld klinieke op te rig. Verder deel hulle ook duisende kospakkies per jaar uit om hongersnood teen te werk.

Ook in oorloggeteisterde gebiede bied Gift of the Givers 'n helpende hand, soos in die Gaza-strook en Oekraïne. Hulle help ook om die lot van vlugtelinge in baie wêrelddele te verlig.

Sooliman se werk berus op dieselfde waardes wat hom as dokter gemotiveer het: respek, versorging, professionaliteit en toewyding. Hy glo daarin dat alle mense deur 'n gemeenskaplike menslikheid saamgesnoer word.

[Verwerk uit: Gift of the Givers Foundation. 2024. Aanlyn beskikbaar by: <https://giftofthegivers.org/>. Datum van toegang: 3 Februarie 2024.
Gift of the givers. 2024. Aanlyn beskikbaar by: <https://en.wikipedia.org/wiki/Gift_of_the_Givers>. Datum van toegang: 3 Februarie 2024]

IEB Copyright © 2025

TEKS 4

Onklaar

Ina Rousseau

Hy het nie daarvan gehou as dinge in die huis stukkend was nie. Wat beskadig geraak het, moes so gou moontlik vervang word.
– J.C. Kannemeyer: *D.J. Opperman – 'n Biografie*

Toe het dit winter geword,
en op die kleinste dag van die jaar
het die klavier
weer eens gebreek –
dog hierdie keer
kon niks die meganiek weer heel laat word nie.

En die musiek
wat in die klaviatuur
nog lewend was maar ongespeel
(die partituur summier
gekortwiek) het sonder klank paniek-
bevange teen die houtomhulsel
begin spartel, in die steek gelaat
deur doodstil snare, slap
oor 'n klankbodem
wat nie meer kon klink nie.

En op die een of ander tyd
– vinnig dalk en dalk geleidelik –
tussen die begin
van die klavier se einde
en die einde se voleindiging,
het die musiek, verydel en in agonie,
tot niet gegaan.

– Of dalk nie werklik nie – ?
En voer dit steeds nog êrens,
onhoorbaar, geheimsinnig, 'n bestaan?

[Oorspronklik uit die bundel *'n Onbekende jaartal* (Human & Rousseau.1995)
Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel twee*.
Kaapstad: Tafelberg. (bl. 408)]

IEB Copyright © 2025

TEKS 5

Uit hierdie ligte herfs

N.P. van Wyk Louw

Uit hierdie ligte en wye herfstyd straal
'n nuwe, namelose vreug in my
dat ek verwilderd deur 'n wêreld dwaal
waar dinge daeliks hul vervulling kry:
die vleie staan weer soggens vol, en wit
van waterblomme; en skeemrings wit soos graan
wat die rykheid van veel somerlug besit,
kom oor die geel boorde en stoppellande aan.
Waarom die smart wat nou weer stilweg skryn,
en hierdie preweling van nuwe woorde,
dié gemis? Is alle wording pyn,
en alle bid die tas van ons verstoorde
hart na nuwe name vir die leed
van die wondre uitbloei wat hy in hom weet?

[Oorspronklik uit die bundel *Tristia* (Human & Rousseau, 1962)
Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel een*.
Kaapstad: Tafelberg (bl. 134)]

IEB Copyright © 2025

TEKS 6

onsuiwer wiskunde

Tom Gouws

the elusive penetrates everything
you must know that everything rhymes
– WOLS

die uurwerk kantel g'n. die boesmans
kon jou dit lank terug reeds vertel:
veel meer kere as wat hul kon tel,
is al wat vorm is, begoël. sjamans

kén die mistieke rekenwette van verbeelding. selfs
pythagoras moes in 'n grot eers offers bring
voor hy kon leer van vermenigvuldiging.
en eers na van gogh dieper moes delf

na steenkool en God in die skagte van die myn,
kon hy iéts sien van die son en die sonneblom,
al is ons empiries presies, bly ons matematies dom.
hoe héél ons Hom probeer bedink, ons dink te klein

om die verganklike tot die onverweerbare te jel.
ons besit bloot tydelik deur te benoem en te tel.

[Oorspronklik uit die bundel *Troglodiet* (Human & Rousseau 1995).
Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel drie*.
Kaapstad: Tafelberg (bl. 1076)]

IEB Copyright © 2025

TEKS 7

Nota: Die skrywer en digter Johann de Lange gebruik in al sy publikasies nooit die woord "en" nie, maar altyd die teken "&". Dit word dus in hierdie gedig gehandhaaf.

Krokodil

Johann de Lange

Die krokodil hang
aan sy gemmer oë
van die watervlak
– oë van 'n kat
vertikaal gekeep –
hang aan sy snoet
'n growwe stuk
boomstomp
die romp & pote
dryf roerloos
onder
roofdier
van die water
op wag
vir die wulp
of ekster
die vet kikvors
op die kaaimansblom
die bont rietpadda
met kwikbene

beweeg hy
dat trappel
die stert & pote
'n ligvoetse
onderwaterse ballet
op land
sy maag laag
teen die sand
krink sy hakke
in 'n komieklike
lomp waggel

IEB Copyright © 2025

hy lê in die son
met sy bek oop
in 'n antieke
tydlose gryns
om hom klik
& kir insekte –
sy lê eenkant
haar slu eiers
in die grond
uitoorlê selfs
die sluwe maraboe
met sy snoeperige snawel –


*

opgesnipper
& uitgeknip
gepoleer gepatroon
& fyn gestik
word hy iets ligs
oor 'n vroulike
skouer geglip
maak hy oop
& toe
om allerlei
kleinighede te sluk.

[Oorspronlik uit die bundel *Vleiswond* (1993)
Bron: De Lange, Johann. 2010. *Judasoog: 'n keur uit die gedigte van Johann de Lange*. Kaapstad: Human & Rousseau]

IEB Copyright © 2025

TEKS 8



[Bron: Supergesonder bloubessies [infografika]. In: *Kook en kuier*, November 2019 (bl. 114)]

IEB Copyright © 2025

TEKS 9



[Bron: Dr. Jack. 2024. Van vleiseter tot vegan [spotprent]. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/spotprente/die-burger-spotprent-21-maart-2024-20240320> Datum van toegang: 1 April 2024]

IEB Copyright © 2025